



The miracles of science™



CLASSIC®

Reg. No. L4164 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L4164 Wet Nr. 36 van 1947

A water dispersible granular herbicide for post emergent control of existing broadleaf weeds in soybeans.

'n Water disperseerbare korrel-onkruiddoder vir na-opkoms beheer van bestaande breëblaar onkruid in sojabone.

SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS

SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

ACTIVE INGREDIENT

Chlorimuron ethyl (sulfonylurea)250 g/kg....

AKTIEWE BESTANDDEEL

Chlorimuronetiel (sulfonielureum)

Nett Mass

120g

Netto Massa

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600

24 HOUR/UUR EMERGENCY NUMBER/ NOODNOMMER: 083 123 3911

UN No. / VN Nr. 3077

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG



Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ CLASSIC® and TREND® 90 are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

CLASSIC®

Reg. Nr. L4164 Wet Nr. 36 van 1947
Bevat Chlorimuronetiel

WAARSKUWINGS:

- Laat 60 dae verloop tussen toediening en oes van sojabone.
- Oormatige blootstelling aan die produk mag irritasie van die oë, vel en slymvliese veroorsaak en selfs algemene ongesteldheid tot gevolg hê.
- Bêre buite die bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Bêre in 'n koel, droë plek, in die oorspronklike houer en weg van voedsel en voer.
- Indien die aanbevole dosisaanwysings oorskry word mag skade aan die gewas voorkom.
- Wanneer langdurige koue, nat toestande kort na toediening van **CLASSIC®** voortduur, mag vergeling van die blare of plante, en in uiterste gevalle, tydelike stremming voorkom.
- **Lugbespuiting** : Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie bo-oor water of aangrensende gebiede toedien of toelaat dat wegdrywing dergelike gebiede kontamineer nie. Indien die aanbevole dosisaanwysings oorskry word, mag skade aan die gewas voorkom.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats-, en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysing na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

1. Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk gebruik word nie.
2. Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
3. Vir veiligheid tydens vermenging:
 - Moet nie die stof inasem nie.
 - Dra oogbeskerming (ten minste 'n bril).
 - Indien die produk in u oë kom, was dit onmiddelik uit.
 - Dra rubberhandskoene.
 - Indien dit op u vel kom, was dit dadelik af.
 - Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.
4. Vir veiligheid tydens bespuiting:
 - Vermy kontak met die sproei sover moontlik.
 - Vermy oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
5. Vir veiligheid na bespuiting:
 - Was uself.
 - Trek werksklere uit en was dit.
 - Maak toediener deeglik skoon na gebruik. Gebruik die volgende metode:
 - i. Dreineer tenk en spoel tenk, spuitbalk en pype met skoon water uit. Dreineer weer.
 - ii. Vul tenk met skoon water en voeg huishoudelike ammoniak (bevat 3 % aktief) by teen 'n konsentrasie van 1 l per 100 l water. Sirkuleer die ammoniak oplossing deur die tenk, spuitbalk en pype vir ten minste 15 min. Dreineer heeltemal.
 - iii. Om ammoniak oorblyfsels te verwyder spoel die tenk met skoon water uit en deurspoel die spuitbalk en pype.
 - iv. Herhaal (ii).
 - v. Spuitkoppe en filtreerders moet verwyder word en apart skoon gemaak word met 'n ammoniakoplossing van dieselfde konsentrasie soos hierbo.

- vi. Enige kontaminasie aan die buitekant van die spuittoerusting moet verwyder word deur dit met skoon water te was.
6. Vermoë bespuiting, leegmaak of uitspoeling van toerusting op of naby gewenste bome of plante of tot waar hulle wortels mag strek.

WEGDOEN VAN LEË HOUERS:

- Houers en verpakkings moet heeltemaal leeggemaak word voordat hulle vernietig word.
- Skud die houer deeglik uit in die toediener se stortbak voordat leë houer vernietig word.
- Moet nooit die leë houer vir enige doel hergebruik nie.

WEERSTANDS STELLING:

Wanneer onkruidodders met dieselfde reaksiemeganisme vir 'n aantal agtereenvolgende seisoene in 'n land gebruik word, mag seleksie van plante wat 'n natuurlike weerstand teen die tipe onkruidodder het plaasvind. Hierdie onkruid-plante vermeerder dan en word dominant. 'n Onkruid is weerstandbiedend teen 'n onkruidodder as dit nie beheer word deur 'n behandeling wat korrek uitgevoer word teen die korrekte dosis en tyd van toediening nie.

Wanneer 'n onkruidspesie weerstandbiedend is teen een sulfonielureum onkruidodder kan weerstand teen alle sulfonielureum onkruidodders verwag word.

Die ontwikkeling van weerstand kan voorkom word deur produkte met verskillende reaksiemeganismes, maar dieselfde effek op die onkruidspesie, afwisselend in agtereenvolgende jare te gebruik, of om sulke produkte in 'n tenkmengsel te gebruik.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

1. Opvolggewasse:

Sojabone mag ter enige tyd na **CLASSIC**[®] toediening geplant word.

Koring mag slegs vanaf 3 maande na **CLASSIC**[®] toediening in behandelde gebiede geplant word.

Alle ander gewasse mag eers vanaf 9 maande na **CLASSIC**[®] toediening in behandelde gebiede geplant word.

Verlengde nawerking teenoor gevoelige opvolggewasse mag veroorsaak word deur:

- **CLASSIC**[®] wat aan gronde met pH groter as 7,0 (water) en/of gronde met ongebonde kalk toegedien word:
- Meer as een **CLASSIC**[®] toediening per seisoen.

Onder sulke toestande moet u tegniese adviseur vir spesifieke aanwysings gekontak word.

2. Die effektiwiteit van **CLASSIC**[®] mag beïnvloed word deur grondfaktore wat onkruidgroei beïnvloed soos grond-pH, grondvog toestande, en grondtemperatuur.
3. Die werking van **CLASSIC**[®] sal nadeling beïnvloed word indien koel, droë toestande voortduur na toediening.
4. Maak slegs genoeg spuitmengsel vir onmiddellike gebruik aan. **ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE MOET ONGEBRUIKTE SPUITMENGSEL OORNAG LAAT STAAN WORD NIE.**
5. Moet nie **CLASSIC**[®] toedien indien reën binne 1 uur verwag word nie.
6. **CLASSIC**[®] moet slegs toegedien word nadat die eerste drie ware sojaboonblare ontvou het maar nie later as 60 dae voordat die sojabone ryp is nie.
7. Indien **Classic**[®] in tenk mengsels met glifosaat bevattende produkte gebruik word, dien toe volgens die tyd van toediening op die toepaslike glifosaat etiket, maar moet nie toedien alvorens die eerste drie ware sojaboonblare ontvou het nie.
8. Tydelike blaarvergeling en/of karteling van blaarrande van sojabone mag na **CLASSIC**[®] toediening voorkom. By sojabone onderhewig aan stremmingtoestande verskyn sulke simptome normaalweg 5-7 dae na toediening. Onder gunstige groeitoestande herstel die gewas egter vinnig en opbrengs sal nie beïnvloed word nie.
9. **CLASSIC**[®] moet nie toegedien word aan plante onderhewig aan stremming as gevolg van abnormale weerstoestande (warm of koud) of groeitoestande ; droogte, versuiping, voedingstekorte (veral stikstof), siekte of insek- of vorige onkruidodderskade, aangesien skade aan die gewas en/of swak onkruidbeheer as gevolg daarvan sal voorkom. Stel toediening uit totdat die stremming verby is en die gewas sowel as die onkruid weer normaal groei.
10. Moet nie **CLASSIC**[®] met organofosfaat insekdoders in die tenk meng nie.
11. Moet nie **CLASSIC**[®] meer as twee maal per groeiseisoen aan die dieselfde sojaoes toedien nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

1. VERENIGBAARHEID:®

Die verenigbaarheid van **CLASSIC®** met produkte wat nie op hierdie etiket aangedui word nie is nog nie bepaal nie en kan dus nie aanbeveel word nie. **CLASSIC®** is verenigbaar in tenkmengsel met glifosaat bevattende produkte Roundup Powermax Reg nr (L 7749 Wet Nr. 36 van 1947) en Touchdown Forte Hi Tech (Reg Nr L 7305 Wet Nr. 36 van 1947), wanneer toegedien word met grondtoedienings toerusting. Moet nie tenkmengsels van bg. Produkte gebruik indien CLASSIC via lugtoediening aangewend word. **CLASSIC®** is vereenigbaar met die volgende bevorderingsmiddels: Trend 90 (Reg Nr L 8207 Wet Nr. 36 van 1947) of Villa 51 (Reg Nr L7305 Wet Nr. 36 van 1947)

2. MENGINSTRUKSIES:

- Meng die verlangde hoeveelheid **CLASSIC®** met 'n klein hoeveelheid water om 'n loeperige pasta te vorm.
- Maak die spuitenk halfvol met water.
- Voeg die voorafvermengde produk deur 'n sif by die water in die tenk. Maak vol tot by die verlangde merk terwyl voortdurend geroer word.
- In tenkmengsel met glifosaat bevattende produkte voeg **CLASSIC®** eerste in die spuitenk en daarna die glifosaat bevattende produk.
- Voeg die verlangde hoeveelheid nie-ioniese bevorderingsmiddel by die spuitmengsel en verseker deeglike vermenging voor toediening.

NOTA: Verseker dat die spuitmengsel ten alle tye goed geroer en vermeng word.

3. TOEDIENING:

Grondtoediening :

Dien toe deur middel van 'n trekkegeremonteerde balkspuit wat korrek gekalibreer is om ten minste 200 l spuitmengsel/ha teen 'n konstante spoed en druk (200-300 kPa) te lewer. Verhoed oorvleueling van spuitbane en om oortoediening te verhoed moet die spuitpunte afgesluit word wanneer die stelsel aanskakel, stadig beweeg, draai en tot stilstand kom.

Lugtoediening:

Moet nie **CLASSIC®** in tenkmengsel met glifosaat bevattend produkte met lugtoediening toedien nie.

Verseker eenvormige en egalige verspreiding met minimum verlies van die spuitmengsel oor die teikengebied tydens toediening. Om dit te bereik moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- 'n Minimum toediening van 30 liter per ha met die gebruik van "Whirl jet" spuitpunte.
- 'n Minimum van 25-40 druppels per vierkante cm moet op die teikengebied herwin word.
- 'n Druppelgroottespektrum VMD van 250-300 mikron.
- 'n Vlieghoogte van 3 m bo die bespuitingsarea teen 'n windspoed van 0-8 km/h en 2 m teen 'n windspoed van 8-15 km/h moet gehandhaaf word. Indien windspoed 15 km/h oorskry moet bespuiting gestaak word. Vermyn rukwind toestande.
- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing op 'n swaaihiogrameter mag nie 8 °C oorskry nie.
- Moet nie gedurende die hitte van die dag spuit nie.
- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is.
- Moet nie op plante toedien wat deur reën of dou benat is nie.
- Herbespuit die punte van lande waar hindernisse teekom is.

Verkry versekering vanaf die lugtoedieningsoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE :

1. Sojabone

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
Sojabone	35 g per ha	<p>Toediening moet deur middel van grond- of lugtoediening aan jong, aktiefgroeieende onkruid gemaak word. Aktiewe groei van onkruid is van kritiese belang vir die effektiewe werking van CLASSIC®. Toediening van CLASSIC® word aanbeveel met n bevorderingsmiddel Trend® 90 @ .100 ml per 100 liter spuitmengsel of Villa 51 @ 100 ml per 100 liter spuitmengsel.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die byvoeging van bogenoemde bevorderingsmiddels is slegs van toepassing indien CLASSIC® nie in tenkmengsel met glifosaat bevattende produkte toegedien word nie. <p>CLASSIC® kan in tenkmengsel met die volgende glifosaat bevattende produkte via grondtoedienings toerusting toegedien word: Roundup Powermax en Touchdown Hi Tech Forte.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien CLASSIC® plus glifosaat bevattende produkte toe via grondtoedieningstoerusting in glifosaat bestande sojabone. • Raadpleeg ook die relevante glifosaat etikette vir volle besonderhede voordat toediening gedoen word. • Raadpleeg ook die verenigbaarheids klousule asook die seksie oor gebruiksbepelings op hierdie etiket. • Moet CLASSIC® nooit toedien alvorens die derde ware blaar tevoorskyn gekom het nie ongeag of die produk in tenkmengsel gebruik word al dan nie. • Moet nie meer as een toediening oorskry nie indien CLASSIC® in tenkmengsel met glifosaat gebruik word. Indien n opvolg toediening nodig is gebruik die produkte afsonderlik. • Moet nie CLASSIC® in tenkmengsel met glifosaat bevattende produkte met lugtoediening gebruik nie.

NOTA: 'n Tweede toediening 14-21 dae later mag nodig wees om nuut-ontkiemde onkruid, of onkruid wat nie volledig deur die eerste bespuiting beheer is nie, te beheer.

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD:

Die volgende onkruid word normaalweg deur **CLASSIC®** beheer, mits die volgende spuitstadiums (blaargetalle tydens toediening) nagekom word:

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	MAKSIMUM BLAARGETAL TYDENS TOEDIENING
<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie	4
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie	4
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel	4
<i>Coronopus didymus</i>	Peperkruid	4
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar	4
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar	4
<i>Leucas martinicensis</i>	Tolbossie	4
<i>Nicandra physaloides</i>	Baster appelliefie	4
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas	4
<i>Richardia brasiliensis</i>	Meksikaanse klawer	4
<i>Solanum nigrum</i>	Nastergal	4
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos	4
<i>Triumfetta</i> spp.	Klitsbossie	4
<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos	6

ONKRUIDE WAT WISSELVALLIG BEHEER WORD:

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Commelina benghalensis</i>	Wandelende Jood
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde
<i>Tribulis terrestris</i>	Dubbeltjie

Vir n lys van onkruid wat met **CLASSIC®** tenkmengsels met glifosaat produkte beheer word verwys na relevante glifosaat etiket.

HANDELSMERK ERKENNING.

Roundup Powermax	Monsanto
Touchdown Forte Hi Tech	Die handelsmerk Touchdown is die eiendom van die Syngenta Groep van maatskappy.
Villa 51	Villa Crop Protection